

» DR. HELENA THERON
SA Stamboek, Helena@studbook.co.za



Klouprobleme

by vleisbeeste:

GENETIES of OMGEWING?

Agtergrond

Wêreldwyd en ook in Suid-Afrika ondervind telers probleme met kloue en loopvermoë van vleisbeeste. Die vraag is of klou- en bouwvorm probleme wel 'n groot genoeg genetiese onderbou het om seleksie moontlik te maak en indien wel, hoe moet daarvoor geselekteer word? Hierdie studie is grootliks gebaseer op die werk van Dr Sarel van Amstel (Universiteit van Tennessee) en Jan Shearer (Iowa State Universiteit).

Anatomie van kloue

Diere wat in die veld loop met voldoende mineraal en spoorelementaanvullings, behoort sterk, hoë kwaliteit kloue te hê. 'n Dier wat op 'n natuurlike manier buite in die veld loop, gee lang treë en die agterklou spoor in die voorklou. Hierdie natuurlike beweging reguleer bloedvloei in en uit die klou en verseker dat die klou genoegsaam gevoed en afgeslyt word en bou gevolglik sterk, gesonde kloue.

Dit is vanselfsprekend dat klougroei 'n sekere optimum vlak van voeding en minerale benodig. Indien die hele kudde dus swak kloue het wat droog is of maklik kraak of breek, sal 'n verbetering

waarskynlik gemaak word deur die tekorte in minerale en spoorelemente aan te vul.

Die meeste klouprobleme ontstaan wanneer daar 'n versteuring iewers in die klou ontstaan. Sou die bloettoevoer in sekere dele van die klou byvoorbeeld verminder of vermeerder of selfs toegedruk word as gevolg van ontsteking of die voetbeentjies wat skuif of skeef is, is die gevolg 'n klou wat swak is, kraak of skeef groei.

Uitgroeikloue

Klougroei vind gedurig plaas en onder normale omstandighede is die nuwe klougroei en die afslyting van die klou in balans. Sou 'n dier se klou egter as gevolg van die omgewing (bv sand grond) nie genoegsaam afslyt nie, is die proses uit balans en klougroei is meer as afslyting. Die klou groei langer uit en die dier trap dus meer op die hak, wat soosere en gevolglike pynlike beweging veroorsaak. Uitgroeikloue kan egter ook die gevolg wees van swak kootgewigte. Hakke en bene wat verkeerd bely is – te regop of te sekelhakkig – kan ook kloudefekte veroorsaak. Dit is erfbaar en daar kan daarteen geselekteer word.

Rolkloue (Kurktrekker kloue)

Rolkloue ontstaan wanneer daar te veel horinggroei aan die bokant van die klou vorm wat dan oor die sool groei. Die dier trap dan effektief op die klou wand wat al die gewig dra, eerder as



» **Figuur 1:** Rolkloue of kurktrekker kloue lyk soos 'n kurktrekker

op die voetsool. Hierdie erge klougroei veroorsaak later dat die klou naderhand soos 'n kurktrekker lyk. Daar is twee oorsake van kurktrekker kloue, nl. 'n genetiese vorm en 'n metaboliese vorm. Daar is ook 'n interaksie, met ander woorde diere het 'n genetiese geneigdheid om onder die regte omstandighede die metaboliese vorm van rolklou te ontwikkel.

Die oorerfbare vorm kan gewoonlik reeds op 'n jong ouderdom (voor ongeveer 14 maande) gesien word, omdat die klouwande op die buite agter kloue uitbult. Indien daar 'n familie geskiedenis van rolklou by so 'n dier is dan is dit waarskynlik die oorerfbare vorm.

Die metaboliese of verworwe vorm is 'n multifaktoriale probleem met verskeie moontlike oorsake, soos swak gewigsverspreiding of oorgewig, laminitus as gevolg van 'n hoë graan



» **Figuur 2:** Die klou van 'n jong dier wat so uitbult, is 'n aanduiding van die genetiese vorm van rolklou, en die dier behoort uitgeskot te word


voer, of bestuursfaktore soos te min beweegruimte of 'n sementvloer. Daar is waarskynlik ook 'n genetiese geneigdheid om rolklou te ontwikkel as die dier onder hierdie toestande aangehou word. Dit kom ook meestal by ouer diere voor, en daar kan gewoonlik nie daarteen geselekteer word op 'n jong ouderdom nie, omdat dit nie sigbaar is nie.

RIGLYNE VIR SELEKSIE

Lei die dier op 'n harde oppervlak, sodat selfs effense mankheid maklik gesien kan word. Die dier moet sterk en gemaklik beweeg en die rug moet plat wees. Indien 'n dier se bene of pote seer is, word die rug gewoonlik krom getrek. Wees veral baie krities op jong diere.

Kloue

Die ideale klou hoek is 50-60°. Indien die klou hoek te klein is, veroorsaak dit dat die toon langer uitgroei en die hak sak. Die dier se gewigsverdeling is dan te veel op die hak, wat soolsero veroorsaak. Dit kan ook lei tot uitgroei kloue. Klou hoek is



hoër gekorreleer met lanklewendheid as been konformasie eienskappe.

Groot kloue verseker 'n groot en stabiele oppervlak om die dier se gewig te kan dra. Groter kloue is beter skokabsorbeerders en het 'n laer risiko vir mankheid en is hoogs oorerfbaar. Die kloue moet groot wees in verhouding met die liggaamsgrootte. Die klouomtrek aan die onderkant van die klou moet nie kleiner wees as die omtrek aan die bokant nie. Die voorkloue moet ewe groot wees, sodat gewig gelyk deur altwee kloue gedra kan word. By die agterkloue is die buitenste klou groter en wyer as die binne klou.

Die sykante van die klou en toon moet reguit af wees – enige bulte aan die kante of draaie in die toon kan dui op die begin van rolkloue. Die klouspleet moet nou wees. Dit verhoed dat daar maklik goed insteek wat absesse kan vorm en is ook beter vir gewigsverspreiding.

Bene

Die Agterbene agter en sykant moet nie te reguit of te krom wees nie en bene en gewrigte moet glad wees. Die voorbene voor en sykant moet reguit wees en bene en gewrigte moet glad wees.

Van hierdie eienskappe kan ook gekombineer word om 'n algemene indrukspunt te gee, hoewel dit beter sal wees om hulle eerder apart te klassifiseer. Sodoende kan spesifieke probleme makliker geïdentifiseer word.

Teelwaardes

Die dier word visueel geklas op 'n skaal van 1 tot 9 vir verskeie klou- en beenkonformasie eienskappe wat lankslewendheid in die nageslag behoort te verleng. Teelwaardes kan ook vir klassifikasie eienskappe beraam word. Eienskappe kan dan gekombineer word in 'n seleksie waarde.

Opsomming en Aanbevelings

Sommige klou probleme word deur die omgewing veroorsaak, en hoewel daar wel by meeste eienskappe 'n genetiese komponent is, is oorerfbaarhede oor die algemeen laag tot baie laag. Aanduidings is egter dat gesamentlike seleksie vir korrekte been-, bouworm- en klou eienskappe wel moontlik is en suksesvol kan wees. Dit is moontlik dat klou probleme veroorsaak is deurdat daar nie vir kloue geselekteer word saam met seleksie vir onder andere groei eienskappe nie.

LEOCOR

Santa Gertrudis

LEON DE LANGE 082 292 2273
leondelange22@gmail.com · Alma, Limpopo
DEEL VAN DIE BOSVELD GROEP



Geneties aanpasbare diere wat presteer op Hartwater, Rooiwater & Galsiekte veld